

Siener kry 'n  
nuwe baadjie  
– bl. 4

Dogma boei  
en ontstig  
– bl. 12

Afrikaans  
se pop-  
koning  
sleur mee  
– bl. 13



# ‘Nasionale skattie’ vereer

**T**eaterlegende en satirikus Pieter-Dirk Uys is gister swierig onthaal in Stellenbosch ter viering van sy lewenslange bydrae tot teater en sy sewentigste verjaardag later vanjaar.

Hulde is aan Uys gebring by die Tokara-wynlandgoed se spogrestaurant en die volgepakte geleentheid is aangebied in die vorm van 'n gourmet noenmaal en 'n onderhoudende uur en 'n half-lange informele gespek met die teater-ghoeroe Marthinus Basson.

Basson en Uys se verbintenisse strek terug na die sewentigerjare toe albei by die bekende en politieke-omstredende Space-teater in Langstraat gewerk het.

Basson is ook in Darling gebore, dieselfde dorp waar Uys al die afgelope 20 jaar woon en werk.

Die gesprek sou veel korter gewees het, en al moes gaste langer vir die hoofmaal wag as wat beplan is, kon jy 'n muis hoor hoes.

Die onderhoud tussen Basson en Uys was soos om 'n meesterklas tussen twee groot geeste van internasionale status by te woon en aan te hoor.

Uys het stil-stil opgedaag in 'n lang swart hemp en los broek en het meer soos 'n figurant gelyk as die bekende akteur wat hy uit die aard van die saak is. Dis totdat hy sy mond oopgemaak het.

Hy het gereeld die gehoor laat skaterlag met neologismes, woordspelings en 'n opstuurdery van politici van toeka en nou.

Hy is voorgestel aan die gehoor as een van ons land se “nasionale skatties”.

Uys het sy lewensverhaal al die pad teruggevat na sy kinderjare in Pinelands, later sy studies in drama by die Universiteit van Kaapstad, sy verblyf oorsee en sy terugkeer na Suid-Afrika, waar hy by die Space-teater betrokke geraak het.

“Ek wou nie terugkom Suid-Afrika toe nie,” het hy gesê.

“Ek wou Engels met 'n *posh* aksent praat. Ek wou 'n *grand actor of the theatre* gewees het. Eendag



**Marthinus Basson, bekroonde dramaturg en dramadosent, klink 'n glasiel op sy teatervriend en -vertroueling Pieter-Dirk Uys. Uys se luisterryke akteursloopbaan is gister as deel van die Woordfees by die Tokara-wynplaas gehuldig. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT**

het iemand vir my 'n ou kasset na Londen gestuur, van Mimi Coertse. Dit was 'n grap. Die idee was dat ek sou lê soos ek lag vir die nonsens.

“Toe Mimi ‘Al lê die berge nog so blou’ sing, toe weet ek dis oor. Vir twee dae het ek na die kasset geluister en gehuil soos 'n kind. Ek is toe kláár met oorsee woon. Ek het my tasse gepak en huis toe gekom. Huis toe, my heimat. Dankie Mimi!”

Basson het hom gevra hoekom hy dan nie ook, soos die res van sy familie, musiek gaan studeer het nie.

“Jou suster Tessa, jou ma Helga en jou pa Hannes was almal musikaal,” het Basson gesê. “Hoe kom nie jy nie?”

“Omdat ek te bleddie lui was vir al daai vervelinge vingeroefeninge,” het hy gesê.

“The show *must go on*; ek sal nooit aftree nie.

Sy oumas was erg bekommerd oor dié kind en het eendag voor hom gevra: “Wat, o wat gaan van die arme kind word?” Albei het hulle koppe weemoedig geskud. “Ai, die sonde darem,” het die een gesê, en 'n traan weggepik.

Later toe hy besluit het om drama te gaan studeer, het die formidabele prof. Rosalie van der Gucht van Kaapstad hom eenkant geroep en gesê: “My dear child, you are not an actor, neither will

you ever be one.

“Why don't you just pack your bags and find something that will work for you. And it's *not* theatre. Now toodledo!”

Maar hy het nie geluister nie, en tien jaar later toe hy 'n Fleur du Cap-toekenning vir sy bydrae tot die teater ontvang, is dit die einste prof. Rosalie van der Gucht wat die prys aan hom oorhandig.

“Ek weet wat jy gaan sê,” het sy vir hom geknippoog. “En ek staan by wat ek gesê het. Want kyk hoe lyk jy nou. Kyk hoe het dit jou geïnspireer.” En sy het hom 'n groot druk gegee en hom vertel hoe trots sy op hom was.

Basson en Uys het albei die dae by die Space-teater onthou toe swart en bruin mense in die gehoor weggesteek moes word as die veiligheidspolisie opgedaag het.

“Iemand het ons kom

waarsku, dan moes die vertoning gou-gou gestaak word, en dan het ons die sogenaamde ‘nie-blankes’ onder die gebou gaan wegsteek.

“Sodra hulle weg is, is almal weer terug na hulle sitplekke en the show had to go on.

“The show *must* always go on. Daarom sal ek ook nooit aftree nie,” het hy beklemtoon. “Hoe-kom? I'm in the prime of my life!”

Hy het uitgewei oor van sy toneelstukke soos *Selle ou storie* en *Karnaval* wat verban was.

“Ja, die ironie was dat my eie pa op die sensuurraad was. Hy (Pieter) is 'n paar keer ingeroep, eenkeer omdat hulle ontsteld was oor die sin: “'n Vrou sonder liefde is soos 'n koek sonder 'n kers!”

Toe verander hy dit na: “'n Vrou sonder liefde is soos 'n doos sonder 'n deksel.” – Herman Lategan  
**Sien ook bl. 10.**



Skud jou vere reg vir 'n splinternuwe, rowwe roman deur

**THEUNIS ENGELBREGHT**

*Papegaaislaai*

Nou beskikbaar in winkels en as 'n eBoek





" SY VANG DIE WOORDE  
IN HAAR NET  
SLYP HAAR WOORDE  
TEEN DIE ROTS  
SY BAK HAAR WOORDE  
IN DIE VUUR  
EN DIE NOORDEWIND KOM  
EN HAAR WOORDE WAAI VER  
HAAR WOORDE WORD SAAD  
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,  
BOORD VAN NOORDE

### Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en  
bittermooi lirieke van onder andere  
Amanda Strydom, Die Heuwels Fantasties,  
Koos Kombuis en Francois van Coke.  
Die 2015 Sanlam Musiekfees, 6-15 Maart.

[www.sanlam.co.za/sponsorships](http://www.sanlam.co.za/sponsorships)



Universiteit Stellenbosch  
**Woordfees**

in trotse samewerking met

Lang tafel

# Eet, drink en wees vrolik

Daar is ’n mite dat jy net werklik ’n Matie is indien daar drie dinge met jou gebeur: Jy moet minstens een vak sleep, jy moet minstens een keer in die Laan vry en ’n akker moet op jou kop val. Of dit waar is, sal ’n mens nie weet nie.

Met Vrydagaand se *Kom sit!* By ons lang tafel is daar twee ellegange tafels vir dié plesierige straatkuier in Ryneveldstraat gedek. Van die gaste het piekniekmandjies gebring, en ander kon kies tussen ’n *Kokkedoor*-spitbraai of ’n seekosbord van De Vette Mossel. Die US Jazz Band en die Tygerbergkampus se simfonie-orkes het vir die musiek gesorg.

Prof. Mohammed Karaan, viserektor vir Gemeenskapsinteraksie en Personeel, het in sy toespraak gesê kuns maak ’n groot bydrae in Suid-Afrika. “Die fees is die dorp se bydrae tot Afrikaans en die kunste,” het hy gesê.

Die *Kom sit*-uitstalling is opgeveil en 70% van die bod wat toegeslaan is, het aan die kunstenaars van die werke gegaan. Die ander 30% gaan aan die Stellenbosch Opelug Beeldhou-trust, ’n organisasie sonder winsoogmerk wat sorg vir die openbare kuns in



Soveel voete, soveel klawers.



Die Tygerberg-kampus se simfonie-orkes onder leiding van Reghardt Kühn het opgetree.

Stellenbosch se strate.

Nie al die kunswerke is verkoop nie, maar Wilma Cruise se *Kom praat – reisende bobbejaan*



STELLENBOSSERS EET TESAME Die Woordfees het op ’n jolige noot begin. Foto’s: NARDUS ENGELBRECHT

is vir R105 000 verkoop, Strijdom van der Merwe se *Kry ’n sitplek* het R51 000 behaal en Lee-Anne van Wyk se *Onder my boom is ek vry*

het R75 000 behaal – R45 000 meer as die reserweprys.

Gaste het nog lank ná die veiling gekuier net soos daar op ’n

windstil aand onder die akkerbome in Stellenbosch gekuier kan word. En ja, daar het ’n akker of twee geval. – **Ilza Roggeband**

kontant hang aan my soos ’n ...

anker

kleinsus

knapsekêrel



Gee kontant die trekpas by die US Woordfees. Kry ’n Kontantvrye Kaart\*, koop na hartelus en kry ook sommer een gratis rit op die US Woordfees pendeldiens, aangebied deur FNB, vir jou en een metgesel.

Die pendeldiens is gratis vir FNB en RMB kaarthouers, met een metgesel per rit\*\*.

FNB en US Woordfees maak sin saam.

Universiteit Stellenbosch  
**Woordfees**

[www.FNBenUSWoordfees.co.za](http://www.FNBenUSWoordfees.co.za)

\*Beskikbaar by FNB aankoopspunte.  
\*\*Voorwaardes geld.

First National Bank - 'n Afdeling van FirstRand Bank Beperk. 'n Gemagtigde Finansiële Dienste en Kredietverskaffer (NCRCP20).

**FNB**  
First National Bank

hoe kan ons jou help?

Toneel — resensie

Milieu nie oortuigend

Siener in die suburbs. Toneel. Spier-amfiteater. 6 tot 8 Maart.

Dis ’n klassieke en tydlose stuk en ek het dit nie aan ’n bepaalde tyd gebind nie.” Só het Heinrich Reisenhofer, regisseur van PG du Plessis se ikoniese drama *Siener in die suburbs*, in ’n onderhoud aan Stephanie Niewoudt voor die aanvang van die Woordfees gesê.

Dit is een van die voorste feesproduksies by vanjaar se fees.

“Ek laat speel dit af op die Kaapse Vlakte, wat dit ’n ander gevoel as die oorspronklike werk gee,” borduur hy voort in dié onderhoud, en verduidelik ook dat hy op enkele uitsondering ná nie aan die oorspronklike teks en dialoog gepeuter het nie.

Dit is egter juis dié plasing in ’n ander milieu, maar sonder definisie, aksente en nuanses wat veroorsaak dat *Siener in die suburbs* hier nie algeheel tot sy reg kom nie en jy aan die einde van die opvoering bek-af daar uitstap. Dié algemeenheid ontnem ook ’n spog-rolverdeling – Shaleen Surtie-Richards (Ma), Ivan Abrahams (Giel), Brendon Daniels (Jakes), Christo Davids (Tjokkie), Crystal Donna Roberts (Tiemie), Dann-Jaques Mouton (Albertus) en Andrea Frankson (Fé) – die geleentheid om die volle spektrum van hul ervaring, emosie en identiteit te ontgin om sodoende werklik trefkrag aan die produksie te gee. Trouens, die oorhoofse gevoel is een van gedemptheid en terughoudendheid.

Du Plessis se verhaal oor ’n gesin van die spreekwoordelike verkeerde kant van die spoor is vandag nog net so relevant soos toe dit in die vroeë jare sewentig geskryf is, des te meer in die bruin gemeenskap waar die sosiaal-maatskaplike probleme van daardie tyd vandag nog duidelik sigbaar is en waar hierdie weergawe hom afspeel.

Uiteraard sal die stuk nie nou meer soveel opspraak verwek soos toe dit die eerste keer opgevoer is nie. Du Plessis het mos gewaag om die arm Afrikaner en Afrikaner-werkersklas die eerste keer uit te beeld – nie as jammerhartige slagoffers van omstandighede buite hul beheer nie, maar deur realisties daarmee om te gaan as ’n verskynsel wat bestaan weens keuses wat uitgeoefen word en in ’n taal wat daardie mense verstaan het.

En die bekende produksie wat aan Marius Weyers en Sandra



Fé (Andrea Frankson), Tjokkie (Christo Davids) en Ma (Shaleen Surtie-Richards) in Heinrich Reisenhofer se produksie van *Siener in die suburbs*. Foto’s: NARDUS ENGELBRECHT



Albertus (Dann-Jaques Mouton) luister na Giel (Ivan Abrahams) se twyfelagtige toekomsplanne.

“As jy ’n stuk wil verplaas, moet jy dit volledig doen, ook die ontwerp

Prinsloo kultus-status gegee het, was beslis nie vaag of onjuis nie. Dit het op ’n baie spesifieke plek met ’n onmiskenbare styl en gevoel afgespeel, so oortuigend dat selfs die Hell’s Angels daarop aangedring het om Jakes en Tiemie se reis mee te maak, vertel die dramaturg. As jy ’n stuk wil verplaas, moet jy dit volledig doen, ook die ontwerp, anders vervreem jy jou gehoor en laat die gebeure hulle uiteindelik koud.

Die manier waarop sleuteltonele in die produksie behartig is, kort ook herbesinning. Davids wat deurgaans goed vaar doen sy bes met die toneel waar Tjokkie uiteindelik deur Giel en Jakes gedwing word om te “sien”, asook wanneer

hy sy finale groot besluit neem, en Roberts speel haar hart uit in die tonele waar Tiemie aan Ma en Jakes haar begeertes en frustrasie probeer oordra. Alles is egter op die ou einde net te eenselwig, veral wat volume en ritme betref, en verdwyn ongesiens in die groot geheel. ’n Sterker regisseurshand kan dié probleme uitstryk.

Enige produksie van *Siener in die suburbs* kom met ’n byna ondraaglike las van verwagtings weens sy status, asook dié van sy skrywer. Reisenhofer en sy spelers is opgewasse vir dié taak en met ’n bietjie skaafwerk kan hulle sorg dat *Siener in die suburbs*, soos Tiemie, van gewoete word.

– Marina Griebenouw

‘Daar bestaan mos nie sulke mense nie!’

“Drama is ’n bogger. Die mense weet nie deur watse pyne ons gegaan het nie. So was daar ’n dramakomitee. En ek skryf toe nou *Siener in die suburbs*, jy sien. Die direkteur van onderwys sit langs my met die openingsaand en hy sê: ‘Daar bestaan nie sulke mense nie!’ “Dan was daar ook die toneelkomitee. Die toneelkomitee wou *Siener in die suburbs* skoonmaak’. Kyk, dit was ernstige tye. Hulle het gedink ons het aangeteel met wit stuifpoeier in lou badwater, jy weet. En hier kom ek en blaker dit uit. Nou maak hulle die ding skoon’.

“Hulle het die blêrrie ding ge’kuis’, maar Francois Swart sê: ‘Hulle moere! Ons maak hom soos ons hom maak!’

“Man, ek loop daardie eerste aand by die teater uit en die voor-sitter van die toneelkomitee storm by my verby. Hy sê vir my: ‘Jammer hoor, jou stuk loop mis!’ Dis nou oor ons nie hulle ou goedjies uitgehaal het nie. Daardie aand by die paartie sweer hy hoog en laag ‘die stuk sal nie môreaand speel nie’. Oukei, dink ek, hulle gaan hom nou afhaal.

“Eghard van der Hoven – hy was die hoof van toneel daar by Truk – bel my die volgende dag. Ek vra hom: ‘So, gaan hulle die stuk afhaal?’

“‘Nee man,’ sê hy, ‘hulle kan hom nie afhaal nie. Hy slaat nou al die een rekord ná die ander hier by die box office!’ En hy het die heelyd vir vol sale gespeel.

“Hulle moere!” – PG du Plessis in ’n vroeë onderhoud met Marina Griebenouw

‘Siener’ op Kaapse Vlakte nog net so relevant soos in 1970’s

In die nuutverwerkte *Siener in die suburbs* word die armblanke suburbs van Johannesburg verruil vir die Kaapse Vlakte.

Angelique October, ’n fees-ganger, meen die produksie is nou meer toeganklik. “Dit is beter, want dis nader aan die huis.”

Vir Neil Marais en Ilse Louw

was die produksie “baie cool” omdat dit “iets nuut” na vore bring.

Laetitia van Zyl, wat die stuk leer ken het met Marius Weyers as Jakes, sê: “Dis presies dieselfde, maak nie saak of dit op die Kaapse Vlakte en met ’n ander kleur cast is nie. Daai storie en daai leefwyse is presies dieselfde.”

Dié klassieke drama uit die pen van PG du Plessis is ook in die sewentigerjare as rolprent verfilm met Weyers en Sandra Prinsloo in die rolverdeling. Prinsloo, wat Saterdagagaand in die gehoor was, sien die verandering as “fantasies”. “Dit is waar die sosiale opset nou is.”

Die akteur Brendon Daniels, wat in die nuwe verwerking die rol van Jakes vertolk, sê daar was nie juis baie verandering in die teks nie. “Dis ’n storie oor mense wat droom, dinge wat ons *for granted* vat. ’n Mens kan homself vereenselwig daarmee.” – George von Berg & Kayla Alexander

ink  
Redaksie

Redakteur  
Jacolette Kloppers  
(jacolettekloppers@gmail.com)

Uitgewer  
Hannelie Cronjé

Uitleg en produksie  
Johnn-Grant Munro

Teksredakteur  
Liesl Peyper

Hooffotograaf  
Nardus Engelbrecht

Senior skrywers  
Marina Griebenow  
Marenet Jordaan  
Herman Lategan  
Wayne Muller  
Ilza Roggeband  
Naudé van der Merwe

Joernalistiekstudente  
Kayla Alexander  
Leonardo Angelucci  
Elmarien Anthony  
Mikail Baker  
Heléne Booyens  
Nicola Jo Bruns  
Melissa da Costa  
Mila de Villiers  
Louis du Preez  
Siviwe Feketha  
Edward Goff  
Hannes Kruger  
Jade Larey  
Tatum Morley  
Jacques Myburgh  
Mirandi Nel  
Suzaan Potgieter  
Kyle Smith  
Simon Sonnekus  
Adri Thiar  
Fredalette Uys  
Lea-Ann van der Merwe  
Mizan van der Merwe  
Marcelle van Niekerk  
George von Berg  
Heike Werth

Redaksielede van *Die Matie*  
Giselle Botha  
Karin Groenewald  
Karin Hammond  
Franco Havenga  
Lynné Schoeman  
Joan van Dyk

Woordfees-kantoor  
Erfurthuis, Ryneveldstraat 37,  
Stellenbosch

Vir enige navrae skakel  
die feeskantoor by  
021 886 5036 of besoek  
www.woordfees.co.za

Die koerant word gratis  
op die feesterrein versprei en  
is elektronies beskikbaar by  
www.eikestadnuus.com

Polisie – 021 809 5000

Verkeersdepartement  
– 021 808 8800

Ambulans – 021 887 0310



Onderhoud

# ‘Besluit self wie die rot is’

Rot. Drama. Vandag om 11:00.

‘D’is ons verhoog. Dit is ons huis.’  
Só beskryf Luan Jacobs, regisseur van die teaterstuk *Rot*, die plek waar hy en sy jong mede-teatermakers die gemaklikste voel as die senuwees begin knaag. Jacobs vertolk ook die rol van die jong Jan-Paul Otto in die langverwagte nuwe *Ballade vir ’n Enkeling*-rolprent.  
Jacobs het gesien hoe *Rot*, uit die pen van Inamari Schoonraad, verlede jaar tydens die Krêkvars Studentekunsteftes by die Universiteit van Pretoria opgevoer word.  
“Dit het met my gepraat, en ek wou my hande aan die produksie kry.”

Die stuk handel oor Philipa Nortje, vertolk deur Schoonraad, wat haarself in haar huis vol opgaargoed afgesonder het met net ’n vreemde gas wat homself daar tuisgemaak het. Dan daag ’n eiendomsagent (Ben Pienaar) op en word vasgevang in haar doolhofwêreld.  
Al drie akteurs het die langpad van Pretoria aangedurf om hul produksie na die Woordfees te bring. Schoonraad sê sy het veral




Van links is Luan Jacobs, Inamari Schoonraad en Ben Pienaar. FOTO: KAYLA ALEXANDER

inspirasie uit die magies-realisme genre gekry tydens die skryf van *Rot*. “Ek hou van die onbekende element. Die gehoor besluit self wie of wat die rot is.”  
Volgens Jacobs verkies die meerderheid teatergangers om liefies na gevestigde produksies

of akteurs te kyk. Maar hy glo opkomende akteurs moet besef bekendes was ook in ’n stadium waar die nuwe akteurs hulself tans bevind. “Dinge verander oornag as die regte persoon in die gehoor sit.” Daarom moedig hy jong akteurs aan om net te volhard.

Pienaar glo nie daar is kompetisie binne die gemeenskap van teatergangers en teatermakers nie. “Ons sien om na mekaar.”  
Schoonraad meen dit is waar die liefde vir teater vandaan kom. “Jy doen dit nie vir die geld nie, jy doen dit want jy’s regtig passievol



oor wat jy doen.”  
Al drie akteurs is tans besig met hul eie projekte, soos Schoonraad wat vandeesdaand haar debuut in die TV-sepie *Binnelanders* maak.  
Al drie voel tog daar is nog stories in die teater-pyplyn wat hulle saam wil vertel. “Ons het so baie idees,” sê Schoonraad. “Ons moet net besluit watter een ons gaan aanpak.”  
In die agtergrond roep Pienaar en Jacobs giggelend uit dat daar selfs die moontlikheid van ’n *Rot II* is – blykbaar dié slag “’n kabaret”.  
– Kayla Alexander

Lekker sonskyndag vir Eikestad voorspel

Woordfeesgangers kan vandag gerus die ys nader trek en die bottels Chardonnay en Sauvignon Blanc oopmaak. Die Suid-Afrikaanse weerdiens voorspel ’n pragtige sonskyndag vir die Eikestad.



Die kwik sal 32°C haal met ’n minimum van 17°C. Die wind sal ’n meer beskeie teenwoordigheid handhaaf met ’n maksimum van 19 km/h wat suidsuidwes waai. Kom laat ons fees!



Ons omvangryke eenstop-boekwinkel is terug in die hartjie van die fees in die Plataankafee agter die **US Museum**. Daar is ’n keur van nuwe, tweedehandse en allerlei interessante boeke te sien vir boekliefhebbers van alle ouderdomme. Kom ontmoet u gunsteling skrywers en geniet ’n glasie wyn saam met ons onder die Plataanbome.

“Boeke is soos brood en moet soos brood behandel word.”  
– Elize Botha

Hierdie opwindende nuwe produksie van die **ATKV**, is te sien in die **US Museum**. In samewerking met Diek Grobler is ’n reeks kort animasiefilms, geïnspireer deur ’n seleksie van 12 klassieke en kontemporêre Afrikaanse gedigte, vervaardig.



Die digters se werk word gebruik om ’n “visuele bloemlesing” saam te stel wat ’n dialoog tussen woord en beeld skep. Elke animasiefilm word vergesel van ’n klankbaan, waar onder meer die gedig voorgelees word. Die eindproduk is ’n DVD-vertoning van sowat 40 minute, vergesel van ’n uitstalling van plakate van die animasiefilms. Die DVD word te koop aangebied in die **ATKV-Boekwinkel**.



Digter:  
Ingrid Jonker  
Animeerders:  
Roger en Dewald van der Merwe

Moet dit nie misloop nie! By die **US Museum**, daaglik van **07:00 - 18:00**. Toegang is **gratis**.

Diek Grobler, die artistieke regisseur van **Filmverse**, gesels saam met ’n paar deelnemende digters en animeerders oor die produksie op Dinsdag, **10 Maart om 09:00** in die **Boektent**.



[www.atkv.org.za](http://www.atkv.org.za)

Onderhoud

# ‘Tannie Evita het genoeg menings om ure te vul’

Hy voer dekades lank gehore mee met sy enigmatiese karakters. **Herman Lategan** het met **Pieter-Dirk Uys** oor sy lewe gesels.

Jy word vanjaar 70 en jy is al vir 50 jaar in die teater. As jy terugkyk, wat dink en voel jy? As jy te veel terugkyk, val jy oor die dooie lyke in die pad vorentoe. Ek het geleer om hoog oor hulle te spring. Vir my is die enigste ware sukses oorlewing ten spyte van al die kak. Ek is baie bly ek is nou oor die *disease to please*. Die oudisie is verby; ek het niks meer om te bewys nie, net om te verfyf.

Is die woorde van hierdie bekende liedjie van toepassing? “Regrets, I’ve had a few, but then again, too few to mention.” Ek’s basies jammer oor die menigte kere dat ek teruggestaan het uit vrees en nie gewaag het om dit te ondervind nie. Aan die anderkant is ek bly ek was so poep-bang dat ek altyd buite die oop deur van seks gebly het. So nie, was ek seker die eerste een dood aan vigs.

Evita Bezuidenhout het amper volksbesit geword, soos braaivleis en Glenda Kemp. Het jy dit ooit verwag destyds toe jy haar aan gehore voorgestel het? Sy was maar net nog ’n karakter in ’n revue – *Adapt or Dye* in 1981. Maar sy het op die regte tyd gebeur. Mense het gesoek na iets om te help om hul ingehoue asems uit te blaas. Ek spandeer maar min tyd aan haar. Ná al die jare het Tannie genoeg menings om ure te vul – ek moet net my huiswerk doen dat sy haar feite reg het (nie altyd die regte feite nie) en dat ek op ’n dieet moet gaan sodat sy nie lyk soos ’n mev. Zuma nie. Evita moet só versigtig gespeel word sodat die vroue die Vrou in haar erken en die mans vergeet van die Man.

Hoe het die Evita-karakter ontstaan en oor die jare verander?



Pieter-Dirk Uys: ‘Ek is basies jammer oor die menigte kere dat ek teruggestaan het uit vrees...’ Foto’s: NARDUS ENGELBRECHT

**“ Ek moet op ’n dieet gaan sodat sy nie lyk soos ’n mev. Zuma nie**

In die begin was sy maar spotprentagtig: groot hoed, klomperige skoene, Tannie-rige voorkoms. ’n Tikkie Marie du Toit in *Die Kandidaat* en Mimi Coertse in *The Merry Widow*. Maar sy moet aanpas en saam met haar publiek ontwikkel soos goeie ou rooi wyn. Sy moet ook in die nuwe politiek aanpas sodat sy die vrese van die aanskouer weerspieël. ’n *Designer democrat* met ou bekende rassisme net onder die poeierlaag.

Behalwe vir Evita, wie is jou gun-

stelingkarakter wat jy al vertolk het en hoekom? Daar is altyd Nowell Fine wat eerste op die hoë hakke gedans het. Sy is nou ook 70 terwyl Evita 80 is (altyd tien jaar ouer as ek – wa la!) En dan Bambi... Ek dink sy is die interessanter karakter. Evita is soos die Queen Mother; Nowell soos ’n ou Bette Midler. Maar Bambi het nog vars bloed onder haar naels. En ’n sin vir humor en ironie.

Jy doen nie vir Bambi Keller-mann so gereeld nie; sy’s donker, en dekadent. Hoekom is Bambi deesdae so stil? Sy wag haar tyd af. Ek werk aan ’n Duitse vertoning met Bambi vir Berlyn in 2017.

Jy reis die wêreld vol. Wat is jou gunsteling teaterstad en hoekom? Londen vir alles wat daar te omhels is – van lees, sien, kyk, eet, drink, lag en verpes. Berlyn, want daar is ’n bries van vars lug en re-



Die teaterghoeroe Marthinus Basson vra Pieter-Dirk Uys uit oor sy omvangryke loopbaan tydens ’n geselligheid by Tokara.

spek vir die verlede se foute. As ek moet kies, sal ek daar wil woon.

Watter één persoon in die teater het oor die jare die grootste indruk op jou gemaak en hoekom? Laat ek versigtig ’n lysie uittik: Robert Mohr en Mavis Taylor by die dramaskool; hy wat in my ’n nuwe selfvertroue laat wakker word het, en sy wat my geleer het van die gevaar van ego en intrige in teater; Noel Coward se briljante manier om humor en swier te gebruik om spanning en onmenslikheid uit te beeld; Athol Fugard wat met sy briljante dramas my geforseer het om my eie alfabet te volg en hom nie na te aap nie; Robert Kirby met sy venyn en briljante bek-gif wat my laat besef ek sal maar moet terugstaan van egte satire want ek moet altyd érens deernis vind vir die wat ek aanval.

Hoe het Evita en Nelson Mandela oor die weg gekom? Hy was mal oor haar. Altyd eerste gelag en met sy elmboog vir Oprah gestamp sodat sy ophou frons. Madiba se sin vir humor het my aangespoor om te soek vir *the mock in democracy and the con in reconciliation*. Op ’n foto van hom en Evita skryf hy: “for a wonderful lady”...

Vertel meer van die nuwe boek van jou wat uitkom, *Stukke teater. My Pa daar bo op sy wolk*

en my twee tantes... Anna Uys wat Afrikaanse dosent aan die US was, en Anna M Louw, taalghoeroe van Hertzogprys-formaat, sal trots wees (ten spyte van die vloekwoorde wat hulle verpes het)! Dis *grand* om in 2015 ’n versameling Afrikaanse dramas te sien in ’n pragtige boekformaat (en ook daar bo in die e-wolk). Human & Rousseau moes ’n groter oplaag druk, want daar is soveel belangstelling. Lekker! Ek hoop ook iemand voer die stories op. Hulle kom van ver en sal universeel bly.

Wat onthou jy uit jou jeugjare van Langstraat in die Kaap? Bergies, dronkies en moffies. Second Time Around, The Farm-house Kitchen, Mountainview Bar, Cranfords Boekwinkel, Clarkes, Langstraat-swembad, Carnival Court se inspirasie vir *Karnaval*. En natuurlike die *Ruimte 24/7*.

Het jy nog so baie katte in Darling? Hoeveel? Ek het gehoor katte gaan nie hemel toe nie. *Fine*. Hou my daar uit. Ek gaan liewers na die ander plek! Die Perron het nog ses kitties – nuwes uit die SPCA (ons plaaslike diere se Betty Ford Clinic) en nog ou Elsie met haar drie pootjies. Hulle is so belangrik want mense kom na Evita se Perron vir die katte – dan bly hulle vir bobotie én ’n show. Ons noem hulle maar De Perron Poesde!

## Skouer kelder TwoPianists se uitvoering

Die Stellenbosse klavierduo TwoPianists, wat bestaan uit die pianiste-egpaar Nina Schumann en Luis Magalhães, moes hul konsert op die Woordfees afstel nadat Schumann ’n dringende skoueroperasie moes ondergaan. Die konsert sou Donderdag (12 Maart) in die Endlersaal gehou word. In dié konsert, getitel *À la*

*manière de...* *Two Pianists*, sou hulle Franse komposisies vir twee klaviere van Franck, Saint-Saëns, Poulenc en Ravel speel. Dit sou hul debuutkonsert van Franse musiek wees. Schumann vertel dat sy las gehad het van ’n seer skouer en in Januarie besluit het om na ’n fisioterapeut te gaan. X-strale is toe van die skouer geneem.

“Ek is daarna Amerika toe om daar saam met Luis ’n konsert-toer te doen, maar moes ’n pak anti-inflammatoriese medisyne en pynpille saamneem. Die dag nadat ons teruggekom het, hoor ek dat ek nie ’n keuse het as om te laat opereer nie,” sê Schumann. Volgens haar moes die chirurg ’n gaping tussen die ligament en die skouerkop, asook in die

boarmspier maak nadat erge inflammasie daar ontwikkel het. Die operasie is op 24 Februarie gedoen en Schumann se arm is steeds in ’n hangverband. “My beweging is wel reeds uitstekend, soveel so dat ek gereed sal wees vir my volgende konsert op 1 April in Portugal, asook ons volgende concerto op 22 April in Pole.

“Ek was baie jammer om ons Woordfees-konsert te kanselleer, want dit sou ons debuutprogram van Franse musiek gewees het. Maar ons beplan om dié program in September op te neem, so dalk kan 2016 se Woordfees as ons CD-bekendstelling dien!” Schumann en Magalhães is albei klaviersdosente by die US se Konservatorium. – Wayne Muller

# ‘Studente moet krities dink’

**FVZS-diskoersreeks.**  
**Diskoers. Die Khaya-kafee.**  
**9 tot 13 Maart om 17:00.**

Godsdiens op kampus, geboue wat na apartheidsfigure heet en studente se politieke apatie kom tydens die Frederik van Zyl Slabbert-diskoersreeks onder die loep.

Die Universiteit Stellenbosch (US) se studenteraad het die diskoersreeks in 2012 op die been gebring om meer studente by die Woordfees te betrek en ’n platform te skep waar studente tydens die Woordfees oor studentekwessies kon praat.

Dr. Leslie van Rooi, direkteur van die US se Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling (FVZS Instituut), het ingestem om die studenteraad hiermee te help. Sasha-Leigh Williams, die studenteraadslid vir kritiese interaksie, sê die FVZS Instituut dra by tot die sukses van die diskoersreeks deur die studenteraad te ondersteun met finansiering en menslike hulpbronne.

Die onderwerpe in die diskoersreeks is uitdagend en lok gewoonlik ’n diverse gehoor



**Frederik Van Zyl Slabbert destyds as kanselier van die Universiteit Stellenbosch.**

na die Woordfees. Tydens vorige diskoersreekse is onderwerpe soos die rol van bygelowe in die kunste, die invloed van die magiese in letterkunde op ons samelewing en die rol van geloof in openbare instellings bespreek.

Die FVZS Instituut ontwikkel studenteleierskap aan die US deur leierskapswerkwinkels en gespreksforums. Van Rooi sê die FVZS Instituut streef daarna om Van Zyl Slabbert se nalatenskap te laat voortleef deur studente uit te daag om krities te dink en die status quo te bevraagteken.

Die FVZS-diskoersreeks

bevorder kritiese gesprekvoering en vereer ook só vir Van Zyl Slabbert.

In die eerste gesprek oor studente se politieke apatie, vandag om 17:00 by die Khaya-kafee, is die gassprekers die politieke wetenskaplike prof. Amanda Gouws, dr. Christi van der Westhuizen, politieke ontleder, en Sikhulekile Duma, voorsitter van die US DA Studente-organisasie (DASO). Feesgangers kan smiddae om 17:00 kom luister na en deelneem aan hierdie gesprekke.

– **Adri Thiart**

## Wie was hy?

Van Zyl Slabbert was ’n skrywer, akademikus en opposisie-politikus. Hy was ook ’n stigterslid van die Instituut vir ’n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika (IDASA) wat ’n sleutelrol gespeel het in die bemiddeling van die 1987 Dakar-beraad. Hy is in Augustus 2008 aangestel as kanselier van die US – ’n pos wat hy vir dertien maande beklee het en is op 14 Mei 2010 oorlede.

# Bellville, Paul Roos and Bloemhof shine at debates

Debating festival opens this year’s WOW programme.

Students from as far as Graaff-Reinet came together on Saturday morning to participate in the *Woorde Open Wêreld* (WOW) debating festival at Lückhoff High School in Idas Valley.

Now in its sixth year, the festival hosted 34 different schools. Fiona van Kerwel, project manager for the WOW programme, says the event helps share knowledge and shape debates. “We expose kids who have never experienced debates,” she said.

AC Elliot, an 18-year-old matric learner from Jan van Riebeeck High School, was very excited to see the debate topics. “I expect to learn how different people interpret current issues.”

According to Van Kerwel the teams were divided into three groups: the inexperienced competitors (*Nuwe besems*), the semi-experienced competitors (*Ou Hande*) and the very experienced competitors (*Harde Koejawsels*).

Paul Roos’ team of grade 8 and 9 learners was crowned the best *Nuwe besems*. Bellville High’s grade 10s and 11s were the best *Ou Hande* and the senior team

“Orating helps children to be more confident,” she said. “So now we do everything with WOW!”

of Bloemhof Girls High was the *Harde Koejawsels* winner.

Van Kerwel said the ATKV representative, Lizelle van Staden, seemed impressed with this year’s crop of young debaters. “We take ten underprivileged schools to the ATKV debates,” said Van Kerwel.

This was the first WOW event of the 2015 Woordfees. It will be followed by the WOW Reading circles, a drama workshop, Grade 12 Learners’ Day, a school newspaper project and various talks by well-known authors.

One of the teachers, Sabina Dumas from New Orleans Secondary in Paarl, said they appreciate the WOW experience. “Orating helps children to be more confident,” she said. “So now we do everything with WOW!”

– **Mikail Baker**



**Tjiff en Tjaff – hulle draai en hulle swaai.**

# Exciting theatre line-up for children’s festival

**Children’s theatre. The Klein Libertas Theatre & Weltevreden Estate. Daily until 14 March.**

Interactive theatre, puppetry and fairy tales with a twist are on offer at the 2015 Children’s Festival.

Seven productions form part of this year’s theatre line-up for children.

WAM, written by Janice Honeyman and translated by Wilma Stokenström, will be on stage at the Klein Libertas Theatre until 14 March. It tells the story of Wam and Nannerl and their quest to find Wam’s stolen music. This production costs R50.

The other six productions will be performed at the Weltevreden Estate until 15 March. Ticket prices range between R40 and R60.

*Die Prinses en die Ertjie*, written and directed by Schalk van der Merwe, is a modern take on the fairy tale, in which overprotective queen Drestia will do anything to keep her son, prince Max, safe. This production is performed by the Stellenbosch University Drama Department.

The drama collective Spektrum Kinderteater will present three productions this year. New life is given to the age-old tale of *Rooikappie en die Wolf*, which has been performed as far as Dubai. In a brand new production, Spektries the squirrel and his friends will teach younger children some valuable lessons.

Spektrum will also bring the well-known kykNET characters Tjiff and Tjaff to stage with a host of new songs and moves.

According to Gaerin Hauptfleisch, managing director of Spektrum, this company aims to foster a love for theatre among children.


“It’s where we grow tomorrow’s theatre audiences; something people forget.”

Lollos Productions is back with *Lollos 6 Lalaland!* in which Minki and Disco finally get the chance to visit Lollo’s and Lettie’s planet.


Two garden gnomes will take children on an adventure in *Kinkel en Konkel*, written by Annemarie Hatting and Elizna Vermeulen.

– **Nicola Jo Bruns**


# BOEIENDE, AANGRYPENDE EN INTELLIGENTE LITERATUUR VIR ELKE AFRIKAANSE BOEKRAK




’n Unieke geskiedenisboek – *Oorlog-Beeld* vertel oor die stryd tussen Boer en Brit, in koerantformaat, soos dit destyds kon gewees het.




’n Staatmaker reisgids wat mens besiel om die pad te vat en die land te verken. Volledig hersien en bygewerk.



“’n Boek wat gelees moet word.” **ANCHIEN TROSKIE**  
Gebaseer op ’n ware verhaal.



’n Langverwagte versameling van Herman Lategan se sielvolle stories.



“’n Ysingwekkende verhaal wat mens nie kan neersit nie.” **RIAAN CRUYWAGEN**

**NUUT IN JOU TAAL**  
www.jonathanball.co.za

JonathanBallPublishers

OOK BESKIKBAAR AS  
**e-boeke**

# Prettige viering van die klavier

**Agt kla4e en 88 klawers. Klassieke musiek. Paul Roos-sentrum.**

Dis nie aldag dat agt pianiste tesame op agt vleuelklaviere speel nie, maar dis presies wat Saterdagmiddag in die Paul Roos-sentrum gebeur het.

Befaaamde pianiste – Zorada Temmingh, Elna van der Merwe, Mario Nell, Roelof Temmingh, José Dias, Stephan Bezuidenhout, Lucas Heinen en Albie van Schalkwyk het die gehoor vir bietjie meer as ’n uur vermaak met ’n verskeidenheid klassieke en ligte musiek.

Nic de Jager, bekende radio-man en akteur, het as program-aankondiger die program laat vloei met sy eiesoortige humor en interessante vertellings. Volgens De Jager was dit bes moontlik die eerste keer dat, op eie bodem, agt klaviere saam op die verhoog gesien en gehoor word. Verlede

jaar tydens die RSG Kunstefees is ’n konsert getiteld *2 tot 16 in 80 minute* regstreeks uitgesaai waartydens vier vleuelklaviere deur agt pianiste bespeel is.

Die titelverwysing na agt klaviere en 88 klawers (die moderne standaardklavier het 52 wit- en 36 swartnote) dui op die kapasiteit van ’n raps meer dan 700 klawers wat ten volle in hierdie uitvoering benut is. Die klavier as musiekinstrument is merendeels ’n solo-instrument en speel andersins ’n minder prominente rol in die orkes. Die oogmerk van hierdie produksie was dus om ’n eie klavier-orkes te vorm en saam as ’n groep musiek te maak, aldus Van Schalkwyk, bekende kamermusikant en begeleier.

Die onderskeie werke het vinnig opmekaar gevolg en die kunstenaars het energie uitgestraal. Die visuele aantrekkingskrag van só ’n uitvoering maak uiteraard ’n stewige bydrae tot die sukses daarvan.



**Zorada Temmingh en haar seun Roelof Temmingh** Foto: VERSKAF

Die hande wat in die onderskeie werke gebruik is, het gewissel van vier tot sestien.

Uiteraard is dit ’n uitdaging vir agt pianiste om gelyk saam te speel en onderlinge kommunikasie steun hoofsaaklik op aanvoeling. Absolute presisie kan dus nie verwag word nie, maar die resultaat was werklik goed.

Die bekende “Overture tot die huwelik van Figaro” van Mozart het die program ingelui waar al agt

klaviere ingespan is. **Ástor Piazzolla** se “Libertango”, die tweede deel van Darius Milhaud se “Scaramouche” en ’n “Concerto vir vier klawesimbels en strykers” van Bach het gevolg. Een van Rachmaninoff se variasies op ’n tema van Paganini is verwerk deur Heinen en hy en Bezuidenhout het groot pret gehad met die uitvoering daarvan.

Zorada Temmingh, een van Suid-Afrika se voorste orrel-improvisators, en Elna van der Merwe, bekend as klassieke klavierbegeleier, het gehore in die onlangse verlede vermaak as die *Blondes*. Hulle is bekend vir hul vermenging van klassieke Bach-, Mozart-, Beethoven- en Tchaikovsky-werke met die rocktreffers van Abba, die Beatles en Queen. ’n Abba-keurspel met onder meer “Waterloo”, “SOS” en “Thank you for the music”, het bygedra tot die verskeidenheid wat *Agt kla4e en 88 klawers* gebied het.

Die gehoor was veral in ver-

voering oor die agtal se vertolking van Camille Saint-Saëns se “Danse Macabre” en Mozart se baie bekende “Rondo alla Turca”. Laasgenoemde werk is deur Van Schalkwyk herskep tot ’n samba. Nell, Stellenbosse orrelis en pedagoog, en die Portugees-gebore pianis, Dias, het vir groot vermaak gesorg deur in die middel van die werk van klaviere te verwissel en ’n paar danspassies in die gees van die samba uit te voer.

Die agtal het hul program afgesluit met Chabrier se “España”, maar moes terugkeer ná ’n staande toejuiging om die “Rondo alla Turca” nóg meer loslittig uit te voer.

Uitvoerings vir agt klaviere is sonderling en hierdie was ongelukkig die enigste vertoning tydens die Woordfees. Die geleentheid is baie goed bygewoon, maar hopelik sal dié makkers in die toekoms weer bymekaar kom om gehore met ’n fabelagtige uitvoering te boei. – **Johan van Tiddens**

## Eenvoudig, dog heel ontroerend

**Die Vredemakers. Oude Libertas-amfiteater. 6 en 7 Maart.**

Die Wallieser Karl Jenkins se musiek geniet groot aanhang, hoewel sy werk ook kritiek ontlok.

Dit bestaan dikwels uit ’n soetsappige wysie wat afgewissel word met iets wat aan ’n *techno* of *rave* ritme herinner, met hope herhalings soos in moderne musiek.

Ongeag dié kritiek is Jenkins die eietydse komponis wie se musiek die meeste ter wêreld uitgevoer word, soos sy “Requiem” en “The armed man: A mass for peace”. Vrede is ’n *leitmotiv* in Jenkins se koorwerke, en in *The Peacemakers* verken hy natuurlik hierdie tema.

Dié stuk berus op toonsettings van tekste en aanhalings deur bekende vredemakers, soos Mahatma Gandhi, Moeder Theresa, Nelson Mandela, Martin Luther King Jr. en die Dalai Lama. Hoewel die titel in dié geval *Die Vredemakers* is, sing die Libertaskoor, onder leiding van Johan de Villiers, inderdaad die oorspronklike Engelse teks. Die sangeres Amanda Strydom het vertalings van die teks as bindingstekse gelees – tegnies gesproke dus nie ’n bindingstekse (soos die program sê) nie, maar bloot voorlesings van die Afrikaanse vertaling van die teks.

In *Die Vredemakers* volg een mooi wysie ná die ander, en Jenkins het Oosterse klanke ingewerk vir “Inner Peace” gebaseer op ’n aanhaling van die Dalai Lama, asook Afrika-ritmes vir Mandela se “Let there be justice for all”.

Hoewel die konsep van *Die Vredemakers* ’n eenvoudige een is, is Jenkins se werk in geheel aangrypend en musiek soos dié het die vermoë om ’n mens te ontroer – al sal sommige meen dis ietwat kitsch. – **Wayne Muller**



**Roelof Temmingh in aksie tydens sy uitvoering.** Foto: NARDUS ENGELBRECHT

## Jong Roelof Temmingh speel volwasse

**Roelof Temmingh (en Zorada). Klassieke musiek. kykNET Endlersaal. 7 Maart.**

Meestal is musici se talent en tegniek in pas met hul temperament en smaak.

Indien jy egter na die 18-jarige Stellenbosse pianis Roelof Temmingh luister, is dit duidelik dat die Romantiese en Russiese repertorium hom geval.

Temmingh het sy program met JS Bach se “Prelude en Fuga in E mineur”, BWV 855, geopen. Hoewel dit ’n skaflike vertolking was, blyk dit nie musiek na aan

sy hart te wees nie. Hy speel dalk net-net te legato, veral in die prelude, en die aksente in die fuga is byna nie sterk genoeg nie.

Met klein verstellings kon dié Bach-werk selfs beter gewees het.

Toe Temmingh sy volgende stuk, Rachmaninoff se “Elegie” op. 3 no. 1, begin, was dit asof hy skielik siel uit die klavier opgetower het. Hy word sigbaar vasgevang in die vloei van die musiek en dit manifesteer in sy spel.

Chopin se “Scherzo no. 1 in B mineur”, op. 20, was ’n vertoon van Temmingh se pianistieke vaardighede, wat reeds op hierdie

jong ouderdom spreek van volwassenheid.

Hy het die gewilde “Claire de Lune” van Debussy uniek en teer vertolk en ’n mens beleef sy musikaliteit ten volle in sulke musiek stemmig en innig is. Maar uitbundigheid lê ook in sy arsenaal van spelvaardigheid, soos ’n mens kon hoor in Ravel se speelse “Jeux d’eau”.

Reeds met die aanvang van Prokofië se “Sonate” no. 3 in A mineur, op. 28, het die pianis sy affiniteit vir die Russiese repertorium laat blyk. Dadelik was sy spel bruisend en vurig.

Om mee af te sluit het Temmingh die beweging Allegro Molto Moderato uit Grieg se “Klavierkonsert” in A mineur, op. 16, gelewer, met sy ma, Zorada Temmingh, wat op ’n tweede klavier die orkesparty gespeel het. Die spel was aangrypend.

’n Prettige toegif vir twee klaviere het die gehoor op hul voete gehad met applous vir ma en seun.

Temmingh is baie talentvol, en met ouderdom (en die lesse wat die lewe ’n mens leer) sal hy met selfs groter insig kan vertolk. – **Wayne Muller**

Programnuus

# Waarvoor is jy lus, Mamma?



Daar is iets wat in elke smaak sal val. Gaan kyk by [www.woordfees.co.za](http://www.woordfees.co.za) FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

# Soet klassieke klanke

Die afgelope naweek was reeds vol konserte van klassieke musiek, maar die US Wordfees bied nog hierdie week ’n verhoog vir heelwat van Suid-Afrika se voorste musici – van sang-, klavier-, orrel- en musiekuitvoerings kan gehoor word.

Die sopraan Magdalene Minnaar tree op saam met José Dias (klavier) in ’n konsert van “musiek vir die nag”. *Nokturne* is môreand (10/03) om 20:00 in die US Konservatorium se Fismersaal.

Liedere met die nag of aand as tema word gesing, en daaronder tel musiek van Fauré, Strauss, Bellini en Dvořák. Dias speel ook die bekende *Maanligsonate* van Beethoven.

Ockie Vermeulen, ’n orrelis van Pretoria wat ook verlede jaar op die Wordfees opgetree het, is aan die stuur van die konsert *Organo*, waarin klassieke, jazz en kontemporêre musiek gespeel word.

’n Ensemble met viool (Lizelle le Roux), baskitaar (Shaun Johannesen) en perkussie (David Klassen) is Woensdagmiddag om 13:00 saam met Vermeulen op die End-

## Kore op die verhoog

Musiek liefhebbers kan uitsien na vier konserte met vier voorste Kaapse kore tydens die Wordfees.

Woensdagaand sal die Kaapstadse Jeugkoor, onder leiding van Leon Starker, in die Endlersaal optree. Hul konsert word “Na waters waar rus is” genoem, en die akteur Nic de Jager tree as voorleser op. Liedere van regoor die wêreld en Afrikaanse gedigte word in dié konsert saamgewee.

Die internasionaal bekroonde Stellenbosse Universiteitskoor is Donderdag aan die beurt met André van der Merwe as dirigent. Afrikaanse liedjies en nuwe koorstukke word deur die US Kamarkoor uitgevoer. Martin Berger, wat in 2013 uit Duitsland na Suid-Afrika verhuis het en koördigeerkuns by die US Konservatorium aanbied, lei dié kamarkoor wat uit US-sangstudente bestaan. Hulle is Saterdagagaand (14/03) in die Endlersaal te hoor.

Sondag, die laaste dag van die Wordfees, kan die Estlandse komponis Arvo Pärt se *Passio* gehoor word. Bariton Barend van der Westhuizen en tenoor Adrian More is die soliste saam met die koor van St. Cyprians, wat ook deur Starker gedirigeer word.

lersaal se verhoog. Met dié konsert wil Vermeulen wys hoe veelsydig pyporrels kan wees.

Sandile Mabaso, ’n Gautengse tenoor, sing Franz Schubert se liedsiklus *Die Schöne Müllerin* Vrydagaand in die Fismersaal. Dit bestaan uit 20 liedere, wat toonsettings is van die Duitse digter Wilhelm Müller se gedigte oor ’n jong man wat op ’n meulenaar se dogter

verlief raak.

Lara Kirsten begelei Mabaso. Die uitvoering begin om 20:00.

Saterdag kan twee pianiste in twee uiteenlopende konserte gehoor word.

Benewens as konsertpianis, is Charl du Plessis alom bekend vir sy eklektiese verwerings van bekende musiekstukke. In *Charl du Plessis Trio Speel Bach* gee hy

en die ensemble barokwerke deur JS Bach, Handel en Vivaldi ’n jazz-inkleding.

Die trio van Du Plessis, Werner Spies (kontrabas) en Hugo Radyn (tromme) het al na Switserland gereis om dié konsert uit te voer. Saterdag om 17:30 is hulle in die Endlersaal aan die beurt.

Die plaaslike pianis Esthea Kruger is terug in Stellenbosch nadat sy in Amerika gestudeer het. Dié voormalige student van die US Konservatorium gee vanjaar ook hier klavierlesse.

In haar konsert Saterdag om 16:00 in die Fismersaal speel sy musiek van Brahms en Max Reger.

Nog ’n oudstudent en voormalige dosent aan die US Konservatorium, die klarinetspeler Maria du Toit, is hier op besoek uit Nederland.

Sy speel onder meer Mozart se Klarinetkonsert saam met die US Camerata.

Haar man, die Nederlander Arjan Tien, is die dirigent in hierdie konsert wat Sondag om 19:00 in die Endlersaal gehou word.

– Wayne Muller

# Grootse werke by orrelweek

Die historiese pyporrel van die Stellenbosse Moederkerk aan die bopunt van Kerkstraat gaan van vandag af daaglik oor etenstyd brul wanneer van die Kaap se voorste orreliste daarop speel.

Die Wordfees bied vanjaar die eerste Moederkerk Orrelweek aan, waartydens vyf orreliste tot Vrydag elk 30-minuut lange uitvoerings sal lewer. Volgens die Moederkerk se webblad is die orrel in 1858 in gebruik geneem, maar in 1953 vergroot soos dit tans lyk.

“Die orrel van die Moederkerk bevat heelwat 19de eeuse Engelse pypwerk, en daarom het ek ’n program gekies wat pas by die klankkleure van die instrument,” sê Erik Dippenaar, ’n spesialis van vroeë 17de en 18de eeuse musiek wat ook bekend is as klavesinis.

Dippenaar sal Woensdag sy plek agter die orrel inneem.

“My program sluit onder meer in ’n improvisasie in ’n 19de eeuse styl wat ek gaan doen op ’n tema uit die gehoor, asook variasies op ‘God save the King’ wat in 1829 deur die Engelse komponis Samuel Sebastian Wesley gekomponeer is,” sê Dippenaar.

Vandag is Louna Stofberg egter eerste aan die beurt. Om 13:00 speel sy Alexandre Guilmant se Sonate no.1 in D mineur op. 42, asook die Suid-Afrikaanse komponis en pianis Surendran Reddy (1962-2010) se *Toccata vir Madiba*.

Winand Grundling, wat in Uitenhage gebore is en reeds vele pryse vir sy orrelspel gewen het, lewer môre sy uitvoering. Hy speel een van sekerlik die bekendste orrelwerke, JS Bach se *Toccata en Fuga in D mineur*, BWV 565. Nog ’n gewilde werk op sy program is Edward Elgar se *Pomp and Circumstance*.

Die US-orreldosent Mario Nell, onder wie Grundling en Dippenaar gestudeer het, is Donderdag agter die orrel. Op sy program is die Praeludium in D van Pachelbel, die Konsert in G, BWV 592, van JS Bach, asook die Fransman Jules Grison se *Toccata* in F.

Die Orrelweek se laaste konsert Vrydag behoort aan die Moederkerk se eie orrelis sedert 1986, Zorada Temmingh. Haar program bestaan uit orrel-improvisasies – iets waarvoor sy landwyd bekendheid verwerf het.

Die konserte is daaglik om 13:00 en duur elk 30 minute. Kaartjies kos R50, behalwe vir Temmingh se uitvoering wat gratis is.

– Wayne Muller

100 JAAR VAN UITNEMENDHEID IN AFRIKAANS  
Trotse borg van die Wordfees

MEDIA24

Brokkies oor Pieter-Dirk Uys

**Gelukwensing**  
Pieter-Dirk Uys se vriendin, die sanger en akteur Amanda Strydom, het oor haar vriend laat weet: "Pieter-Dirk het die draai-boek geskryf vir my heel eerste rolprent, *Pasgetroud*. Dit was

in 1979. Dit was die begin van ons vriendskap. Pietie was die eerste hofnar in Suid-Afrika en niemand kan hom nadoen nie. Hy is ons land se Prozac. Kan nie glo hy word 70 (in September) nie – hy lyk fantasies in 'n rok

en het die mooiste bene. Veels geluk liefste maatjie!"

**Pieter-Dirk oor Tannie Evita**  
By sy huldigingsete het Uys oor die vroeë dae van Evita Bezuidenhout uitgewei en hoe mense destyds by *Rapport* gedink het sy was 'n regte vrou. "Iemand het iets geskryf

oor hoe Evita Bezuidenhout die Bothas (PW en Elize) gaan afsien het op 'n reis na Europa."  
Daar was ook mense wat vas geglo het Evita en Pik het 'n verhouding. Tot vandag toe sal Pik, as hy vir Evita raakloop, vir haar skalks sê: "Hallo my ou skat, hoe lyk dit met 'n soentjie?"  
Evita het ook aan die

destydse Minister van Polisie, Adriaan Vlok, geskryf en gesê: "Adriaan, my skat, doen jou werk. Sluit daai Pieter-Dirk op, hy's 'n kommunis. Liefde, Evita."  
'n Paar weke later kom daar 'n amptelike brief aan van Vlok: "Liefste Evita, ek kan jou nie opsluit nie; ons tronke is reeds te vol van die 'ander'."

TAFELBERG  
MEUBELS

Die Grootste Keuse is ons Leuse !

www.tafelberg.co.za

ALTYD 'N BETER TRANSAKSIE !

- 'n Wes-Kaapse maatskappy wat die gemeenskap al vir meer as 50 jaar bedien
- Grootste reeks Klein-en Groot kombuistoestelle, Meubels, Beddens en Oudiovisuele produkte
- Al die Top handelsname en Eksklusiewe reekse
- Beste pryse
- Vriendelike en Professionele diens – Deskundige advies
- Voorraad geredelik beskikbaar – Afleweringdiens beskikbaar
- 9 Takke gerieflik geleë in die Kaapse Skiereiland en Boland areas
- Oop 7 dae 'n week en voldoende parking
- Ons aanvaar alle Kredietkaarte, RCS-en Kaapse Verbruikers-kaarte



BELLVILLE - 021 944 3330

CAPEGATE • DIEPRIVIER • GROENPUNT • SOMERSET-WES • PAARL  
PARKLANDS • N1-NORTHGATE ESTATE • TOKAI • ROODEPOORT

info@tafelberg.co.za

Sluit aan by ons &



# Feesgangers het lekker naweek gehou, maar die beste lê nog voor

Daar is iets vir almal by die Woordfees. *Ink* wou by feesgangers weet watter vertonings hulle al gesien het en waarvoor hulle later die week nog graag kaartjies wil koop.



**Momeena Isaacs and Sumaya Mallie, Cape Town:** "We're only here for the day, but we watched Rocco de Villiers which was brilliant."



**Rinnet Markraaf, Somerset-Wes:** "Ek het *Boeing Boeing* gekyk en dit was baie eksplisiet. Ek het ook *Vir ewig en altyd* gekyk, wat baie emosioneel was."



**Clive Sieglar, Vishoek:** "We've only just arrived, but we are looking forward to watching shows, such as *Vir ewig en altyd* and *Vetterag of te not*."



**Maretha Marais, Durbanville:** "Ek het *Agt kla4e en 88 klawers* Saterdagand gekyk, en ook *Divine Divas* – hulle was absoluut briljant."



**Marelize Viljoen, Vredendal:** "Ek het Sondag *Frats* gekyk en ek dink die choreografie was puik. Dan wil ek ook graag *Adam Twee* kyk."

## Woordfees gereed vir beurtkrag

Sou Eskom ons in die steek laat, staan die feesorganiseerders gereed om beurtkrag hok te slaan.

Dirkie van der Merwe, koördineerder van logistiek en kon-temporêre musiek, sê beurtkrag behoort nie met die feesprogram in te meng nie. Nagenoeg dertien kragopwekkers van tussen 33 en 160 kVA elk is beskikbaar om aan die vereistes van die meer as 30 venues te voldoen. Talle venues het ook reeds hulle eie kragopwekkers. Van der Merwe sê hy is vol vertroue dat feesgangers vertonings

sal kan geniet sonder om oor kragonderbrekings bekommerd te wees.

Dit kos baie om vir noodkrag voorsiening te maak en Niël du Bois, eienaar van die De Vette Mossel-restaurant, sê hulle moes duur kragopwekkers wat nie 'n geraas maak nie, kry sodat daar geen steurnis tydens vertonings is nie. Musikante tree daaglik in De Vette Mossel op.

De Vette Mossel sal steeds kos kan bedien al is daar beurtkrag.

– **Marcelle van Niekerk**

## Kyk by dié plekke hoe die paaltjies spat

Is jy lief vir die kunste, maar nog liever vir krieket? Geen probleem nie. By vanjaar se Woordfees hoef jy nie een van dié twee liefdes af te skeep nie.

Die 2015 Wêreldbeker-krieket is in volle swang en die laaste groepwedstryde word gespeel wanneer die Woordfees reeds verby is. Maar dit beteken nie jy hoef enige van die aksie wat nou plaasvind, mis te loop nie.

Vanjaar se Wêreldbeker word in Australië en Nieu-Seeland gespeel en die wedstryde begin reeds in die vroeë oggendure in Suid-Afrika, maar jy kan steeds die laaste ure

se opwinding beleef saam met 'n smaaklike bord ontbyt.

Die Eikestad Mall in Andringastraat is die beste plek om op die hoogte te kom van die jongste krieteltellings. Die nuwe koffiewinkel, Cup of Cino, asook Spur en Panarotti's sluit hul deure agtuur soggens oop en het spesiale ontbyt aanbiedings wat jou sal uitboul.

Die Proteas het al vier van hul groepwedstryde voltooi en het slegs teen Indië verloor. Ons nasionale span is tans tweede in hul groep en moet een van die wedstryde in hul groep speel voordat hulle vir die

kwarteindronde kan kwalifiseer. Die Proteas speel Donderdagoggend om 03:00 teen die Verenigde Arabiese Emirate in Wellington.

– **Franco Havenga**

**Ander wedstryde van belang:**

- **Môre om 05:30:** Australië teen Sri Lanka
- **Woensdag om 03:00:** Indië teen Ierland
- **Vrydag om 03:00:** Nieu-Seeland teen Bangladesj
- **Saterdag om 03:00:** Indië teen Zimbabwe
- **Saterdag om 05:30:** Australië teen Skotland

# DIE BYBEL - DIE WOORD VAN GOD OF DIE WOORD VAN DIE AFGODERY?

DIE BABILONIES-EGIPTIESE AFGODERY SE MITOLOGIESE HEMEL BO DIE BERGPIEKE AS DIE WONING VAN MENSAGTIGE GODE, OPSTANDING UIT DIE DOOD, HEMELVAART EN 'N EWIGE LEWE IN DIE HEMEL, HET DIE BYBELSE DOGMA GEWORD.

## DIE WYSE MANNE EN DIE MAGTIGE PRIESTERDOM VAN DIE AFGODERY EN DIE BYBEL

12 JAAR SE VOLTYDSE INTENSIEWE NAVORSING/ VERSTOMMENDE BEVINDINGS.

**DINK BUITE “DIE KASSIE”** WAARIN DIE PRIESTERS\* VAN DIE AFGODERY EN MOSES\* DIE VOLK GEPLAAS HET (EN WAARIN DIE KERK ONS STEEDS HOU). **LEES TUSSEN DIE LYNE, LOER AGTER DIE SKERMS, ONTBLOOT GEHEIME, ONTDEK DIE WAARHEID; Kol 3;2 bedink die dinge wat daarbo is/ Eks 20:19** die Volk het vir Moses gesê; *Laat God nie met ons spreek nie, anders sterf ons!* So het Moses die mag en heerskappy vd. Priesterlike orde van die Afgodery na die Bybel en die Kerk oorgedra. (\*hulle het goue maskers op hulle gesigte gedra wanneer hulle voor gode verskyn het).

### IS DIE BYBEL ‘N HERSKRYWE VAN DIE AFGODERY?

As die Bybel die Woord van God is en die Evangelie is op die Dogma van die afgodery gegrond, wie se Woord was die Afgodery dan? **Mat 18:3 Word ons met letterlike interpretasie in dwalings gelei, eerder as om soos kinderjies te glo?**

**Han 7:22 Moses** was opgelei in “*al die wysheid*” van die Egiptiese afgodery en was “*magtig in woorde en dade*”, hy het hulle; Mites, Dogma, Ikone, Rituele en Towerkunste na die Pentateug oorgedra! **Num 11:29 Is** die Bybel ‘n letterlike geskiedenisboek of ‘n boek van profesieë? **I Kor 15 Bestaan** daar ‘n letterlike biologies leefbare Hemel bo die berge? **Sal** die Opstanding en Hemelvaart in vlees ervaar word? **OF** is dit alles metafisiese begrippe? **Jesus** was ‘n hemelwese/engel, Hy het nie as mens van vlees na die onherbergsame Hemel in die Kosmos teruggekeer nie.

**Was Moses ‘n krimineel, bedriër, towenaar en gewoonte misdadiger?** **Luk 10:22 Het Moses//die Volk bedrieg?** **Han 7:38** met God of ‘n Engel van God op die berg Horeb vergader? **As die Egiptenare ‘n Skepper aanbid het sou Moses nie met God vergader het nie!// Num 20-Deu 34** vir Aäron vermoor voordat hy selfmoord gaan pleeg het?// **Eks 34:29** in die tradisie van die Priesters van die Afgodery, die goudpoeier van Aäron se kalf (**Eks 32:20**) aan sy gesig gesmeer om die Volk te bedrieg dat hulle moes glo dat hy in die geheim met God beraadslaag het?// **Die Volk;** bevrees gemaak vir God sodat hy man alleen in die geheim met “God” (die engel van Han 7:38) op die berg kon vergader? (**Eks 20:19 Spreek U met ons, anders sterf ons**). **EKS 19** verbied om naby die berg te kom sodat niemand (behalwe Aäron) sou hoor of sien dat hy self die Wet op die kliptafels uitgebeitel het. **Waar plaas Moses se verdagte en bedrieglike optrede die geloofwaardigheid van die Bybel en die God gegewe land Kanaän?**

### DIE WYSE MANNE EN DIE MAGTIGE PRIESTERDOM VAN DIE AFGODERY EN DIE BYBEL

(50 HOOFSTUKKE/ 380 A4 bladsye/ 75 Bronne/ Op bestelling @R 435). **Gratis INLEIDING** tot hierdie **MANUSKRIP** per e-pos by [alfa.esparanto@gmail.com](mailto:alfa.esparanto@gmail.com) .

# Rokkies wil ons dra



Marieke Prinsloo-Rowe se beeldhouwerk, Jy kan onder my sambreel sit, wat deel is van die “Kom sit”-openbare kunsuitstalling in Ryneveldstraat. Foto: NARDUS ENGELBRECHT

# Kru stereotipering van gays kelder ‘Boeing’

**Resensie**  
**Boeing Boeing. Toneel. Hoërskool Stellenbosch. 6 tot 8 Maart.**

Dis natuurlik niks nuuts nie, die gebruik van ’n algeheel manlike rolverdeling vir ’n toneel- of dansproduksie wat gewoonlik deur mans en vroue vertolk word, waarna aspekte daarvan ’n gay ondertoon het of die tema dan oorwegend gay is. ’n Mens dink onwillekeurig aan Matthew Bourne se verbysterende *Swan Lake*, of Tennessee Williams se *The Milk Train Doesn’t Stop Here Anymore* met onder meer Rupert Everett in die hoofrol.

In die Fransman Marc Camoletti se gewilde klug *Boeing Boeing* gebruik regisseur Henry Mylne ’n ander invalshoek en besluit hy om die toneelstuk as ’n gay storie aan te bied. Die verhaal leen hom uitstekend daartoe: ’n Franse losbol van Parys, Bernard, raak romantis betrokke by drie vlugkelners van verskillende lugrederye en gebruik hul vliegroosters om hulle om die beurt in sy woonstel en

bed te onthaal, ’n fyn beplande speletjie wat hy met behulp van sy omgesukkelde huishoudster, Morrie, bedryf.

Om die kroon te span, gebruik Mylne in die rolverdeling vir sy potensieel trefferproduksie gewilde akteurs wat hul bestaan maak as permanente karakters in van die land se bekendste Afrikaanse sepies, naamlik Theodore Jantjies as Bernard, Hennie Jacobs as sy naïewe plattelandse vriend Robert, Lindie Stander as die huishoudster en Heino Schmit, Werner Coetser en Kaz McFadden as onderskeidelik die Duitse (Hans), Italiaanse (Gabriel), en Suid-Afrikaanse (Cecil) vlugkelners.

*Boeing Boeing* kom egter nooit behoorlik van die grond af nie, hoofsaaklik omdat die deelnemers die kompleksiteit van werklik snaakse klugtige spel onderskat en, tweedens, omdat hulle hul gehoor se geduld met en kapasiteit vir kru stereotipering oorskat. Vertaler en verwerker Hugo Taljaard wat hom so uitstekend van sy taak gekwyt het met sy vertaling van Mylne se onlangse trefferproduksie, *Beauty Queen*, maak hom ook dan en wan skuldig aan woordspelings wat as

kras eerder as pittig en skerpsinnig kwalifiseer.

Snaakse oomblikke is daar wel, en dis te danke aan Stander en Jacobs. Jacobs se goeie komiese tydsberekening wys verder ook waarom hy vanjaar vir ’n Fiësta-toekenning as beste byspeler benoem is. Waarom die res aangesê is, of gekies het, om almal hul karakters as kamp, koketterige *queens* te speel, is nie duidelik nie. Oortuigend is dit egter nie en doen afbreuk aan die uiteindelijke impak en genieting van die klug. Die spektrum vir gay karakters is net so groot soos dié vir heteroseksuele karakters. Juis daarom het ’n mens dikwels die gevoel gekry dat die gehoor “vir” die gay karakters lag eerder as “met” hulle. En dís ’n uiters belangrike verskil.

Hierdie *Boeing Boeing* kort nog ’n bietjie werk voor hulle my gunstelingproduksie van dié klug sal ontтроon – regisseur Alan Swerdlow se weergawe ’n paar jaar gelede met Robert Fridjon as Bernard en Alan Committie as Robert. Daar het mense omtrent op die grond gekruip soos hulle gelag het. Hier het ’n mens nou en dan beleefd gegiggel. – **Marina Griebenow**

# Dogma ‘sexy en vreesloos’

**Resensie**  
**Dogma. Toneel. Attie van Wijk Ouditorium. 6 tot 8 Maart.**

Reeds as jy by die statige antieke en krakende trappe van die Attie van Wijk Ouditorium (Fakulteit Teologie) opklim, weet jy, hiér kom ’n ding. Die gebou is oud, die bome buite is oud, teen die mure hang portrette van ou mans. Dis asof hulle vol dogma met krom en verhewe hande skree: “Stilte in die oppersaai!”

*Dogma*, wat onlangs met twee Fiëstas bekroon is, skop die wind uit die maag van godsdiens en laat jou terugsteier soos iemand wat so pas in ’n ongeluk was en uit die wrak van ’n motor klouter.

Boonop is dit sexy en vreesloos. In ’n neutedop: Dis ’n outobiografiese stuk wat deur die bekroonde Christiaan Olwagen geskryf en geregisseer is. Dit handel oor ’n jong man (Roelof Storm) wat die verbroekeling van sy ouers, Abélard (Erik Holm) en Héloïse (Tinarie van Wyk Loots), se verhouding ondersoek nadat veelvuldige sklerose by sy pa, ’n predikant, gediagnoseer is.

Hulle word deel (uit despeseraatheid) van die gladderige oliebol Herry (Albert Pretorius) se charismatiese kerk waar almal welkom is – ook geskeide predikante en wilde vroue.

Maar dit kom teen ’n prys: Die opoffering van jou eie integriteit, die verkrummeling van alles wat jy nog altyd oor godsdiens gevoel het. Die gehoor gaan saam op hierdie reis.

Die arme huishulp, wat ook maar sleg behandel word, word vertolk deur Barileng Malebye, en is soos die wind wat die vure van die hel aanblaas.

Rolanda Marais kook soos ’n supermodel, sy tuit haar lippe, gooi

haar kop terug, wikkel haar lyf, sy is aan die brand soos die Lorelei wat middeljarige mans se huwelike kan vernietig. Die Mata Hari van wellus.

Roelof Storm se spiëre bult uitlokkend en hy beweeg soepel soos ’n balletdanser oor die verhoog. Een oomblik is hy ’n *butch* jong man, die volgende oomblik verskyn hy as fopdosser. Die transformasie was skouspelagtig.

Die verhoog voor is verlig met kerse, tafels word rondgeskuif, lywe wikkel oor en weer (puik choreografie deur Ina Wichterich), Eric Holm sit peinsend in sy rolstoel, die musiek deur Charl-Johan Lingenfelder is onheilspellend. As Holm so in sy rolstoel sit en opkyk na God, en die ligte in sy oë weerkaats, dan kry jy hoendervleis.

Hy vra vir God vrae, maar daar is geen antwoorde nie. Holm se vertolking is so outentiek, dat sy stem, sy gesig, daar waar hy eensaam en mooi sit, jou nooit sal verlaat nie. Nooit.

Tog is daar oomblikke waar jy skielik hardop lag. So lekker het Francois Blom, orrelis van die NG Gemeente Stellenbosch-Wes gelag, dat een van die ou suurknolle in die gehoor gevra het hy moet stilbly. So woedend was hy, hy het opgespring en die saal verlaat, en nie weer teruggekom nie. Doef! Sy vriend het minute later gevolg.

Inderdaad. Stilte in die oppersaai!

Wat die aand ’n diep skakering van patos gegee het, was dít: Ludwig (Ollie) Olwagen en Laurika du Bois was albei in die gehoor. Hulle is die ouers van Olwagen, en die stuk is losweg op hulle lewens gegrond. Ludwig was daar in sy rolstoel, klein en verkrimp deur sy siekte, maar met trots in sy oë. Toe hy opkyk na Eric Holm, in sy rolstoel, toe is dit asof die gode liggies in ons nekke afblaas. En dit was aand en dit was móre.

– **Herman Lategan**

*part.* Die stuk het verlede jaar die Burgemeestersprys vir die gewildste produksie by Aardklop ontvang.

In *Vir ewig en altyd* is Pam terminaal siek en Danie, haar man, sukkel om dit te verwerk. Pam neem die besluit om self haar lewe te beëindig en sy en Danie het een laaste aand van herinneringe, ontboeseming en selfs verwyt saam.

Die verhaal word in grepe vertel – in die hede en in die verlede. Prinsloo en Weyers se spel trek jou in en jy ervaar self die karakters se eie emosies. Ná die laaste applous en die akteurs wat die verhoog verlaat het, het daar ’n paar verwese mense bly sit. En meer as een het sekerlik hulself afgevra: Wat sou ék in hierdie situasie gedoen het?

– **Ilza Roggeband**

# Genade en liefde seëvier

**Vir ewig en altyd. Toneel. Hoërskool Stellenbosch. 9 Maart om 11:00.**

Sandra Prinsloo en Marius Weyers. Net hierdie twee name saam op een verhoog is genoeg om enige teaterganger na die kaartjiekantoor te laat haas.

Voeg daarby die Midas-hand van die regisseur Hennie van Greunen – en die feit dat Prinsloo en Weyers vir die eerste keer in twee dekades weer saam op die verhoog verskyn – en jy weet jy gaan nie teleurgesteld uit die teater stap nie. Die volgepakte saal by Hoërskool Stellenbosch was ’n bewys van die suksesvolle kombinasie.

*Vir ewig en altyd* is Van Greunen se vertaling van Tom Holloway se bekroonde toneelstuk *And no more shall we*

# Kroonprins betower oud en jonk

Resensie



**Bobby van Jaarsveld. Musiek. L’Avenir. 7 Maart om 20:00.**

Dis reeds donker, vroegherfs. ’n Vrou kom op die verligte verhoog uit die duister gestap, sy lig haar hand na die skare: “Mense!” skree sy. Dit weergalm oor die wingerde van die L’Avenir-wynlandgoed.

“Dames en here!” Dit eggo oor die plaasdamme. In die water, die ligte ritseling van nagdiertjies. Ou bome wieg net-net in die aandwind. Beligtingsapparate weerklaar vanaf die verhoog, agter skuil die groot donkerterte van die plaas se wye landskap. Die gehoor sit geluidloos.

“Ek het ’n groot aankondiging om te maak.”

Nou word daar na asem gesnak. Dis asof die nag se hart gaan stilstaan het vir ’n oomblik. “Bobby van Jaarsveld het gister verjaar, ja gister!” (Hy het Vrydag 6 Maart 28 geword.)

Meteens verskyn dié halfgod van Afrikaanse popmusiek op die verhoog. Pieter van Jaarsveld, oftewel Bobby, soos hy bekendstaan.

Hy troon uit die aarde, blinkgoue standbeeld op die dak van die Vatikaan. Ridder, kroonprins, boerseun, teelperd (met twee kinders – seuns natuurlik, Sion en Leben). Hy is aangetrek soos ’n rowwe, aantreklike manlike karakter uit ’n moderne Western (beslis nie Brokeback Mountain nie).

Blokkiespatroonhemp, stywe, skinny swart jeans en swart stewels. Nancy Sinatra se bekende liedjie oor sexy stewels kom onwillekeurig by ’n mens op: “These boots are made for walkin’/ And that’s just what they’ll do/ One of these days these boots/ Are gonna



“Gaan haal gou vir ouma ’n bietjie suikerwater!”

**Bobby van Jaarsveld tydens sy konsert by L’Avenir.**  
Foto: NARDUS ENGELBRECHT

walk all over you.”

Terug by Bobby. Die vrou op die verhoog sê: “Kom laat ons vir hom sing.” Die gehoor laat nie op hulle wag nie en sing eers sotto voce (saggies), later andante (gematigd), en dan crescendo (uit

volle bors): “Veels geluk liewe Bobby omdat jy verjaar, mag die Here jou seën en nog baie jare spaar.” Die aarde tril, hande klap, voete stamp.

“Dankie, dankie,” brul hy skaam en beskeie van die verhoog

af. Dis toe hy sy mond vir die eerste keer oopmaak toe die ou vrou langs my gelawe moes word. “Gaan haal gou vir ouma ’n bietjie suikerwater!” skree ’n vet middeljarige man met ’n boerebry vir ’n bang kind.

“Nee kwit!” skree ouma. “Los my uit, ek is *oraaait*.” Sy sit kiertsregop. Voor in die ry is daar ’n koterie van bakvissies wat dit ook net nie meer kan hou nie.

Soos ’n koor gil hulle vir Bobby, duidelik die man van die oomblik. Hul angskrete diep uit hul kele soos waternimfe wat op verafgeleë eilande gestrand sit en nog nooit ’n man gesien het nie. ’n Oeragtige gil, laag uit die binnekamers van antieke eensaamheid.

Hy stel die orkes voor, en begin sommige van sy bekende liedjies sing: “Maak ’n wens”, “Spieëltjie”, “Kan ek met jou praat”, “’n Vrou wil dit hoor” (laasgenoemde sekerlik van die mees seksistiese liedjies tans in enige genre).

Toe hy die godsdienstige liedjie (daar was ’n paar) “Yeshua” sing (met Hebreus tussenin), toe raak drie sjiek middeljarige blonde vroue daar in die middelry in ’n beswying. Hulle waai hul arms, wieg met die bome, hou selfone hoog op en neem foto’s.

Ja, selfs God het nou deel van die kuberruimte geword (knipoog). Hierdie was duidelik vir hulle die hoogtepunt van jare se onderdrukte ennui. ’n Toevlug vir vervelige en ewigdurende voorstedelike saaiheid.

Hier kom dié man, dié wulpse deus ex machina van hul eie klein dramas, en verlos hul momenteel van ’n ewige hel op aarde. Maar wat my opgeval het, was die jong vrou in ’n Cape Union Mart-ka-kiekampstoel (ja, van die mense het hul eie gebring!) wat met ’n flitsliggie daar gesit het. Haar bene teen haar ken opgetrek, onbewus van die semi-histerie wat langs haar aangaan. Sy was besig om te lees: A Confederacy of Dunces, deur John Kennedy Toole.

Die titel losweg vertaal? ’n Konfederasie van Pampoenkoppe. Inderdaad. – **Herman Lategan**

## Rocco se stories neem jou op reis

**Rocco de Villiers – Pure Rocco. Sanlam Musiekfees. Endler. 8 Maart.**

Tannie Mona du Plessis van Harrismith het vir De Villiers op skool gesê: “As kunstenaar kan jy nie net die regte note speel nie. Jy moet mense op ’n reis neem; ’n reis waarop hulle elke aand sal wil teruggaan.”

De Villiers paar sy musiek met vertellings en neem die gehoor só op ’n musikale, komiese en nostalgiese reis. Sy eie lewe deurweef sy musiek en, soos in die verlede, is die program gevul met Harrismith-staaltjies. Dit is net jammer dat die klankgehalte van die stemmikrofoon nie altyd na wense was nie met steurings wat kort-kort voorgekom het.

De Villiers se onlangse CD’s, “Beautiful, beautiful piano” (2011), “More beautiful piano” (2012), “Stunning” (2013) en “Countrykeys” (2014) het buitengewoon hoë verkoopsyfers vir plaaslike

instrumentale albums behaal. “Beautiful, beautiful piano” bevat hoofsaaklik bekende treffers uit fliëks, TV-reekse en musiekblyspele.

Met *Rocco de Villiers – Pure Rocco* word daar hoofsaaklik gefokus op sy eie komposisies. De Villiers is ’n flambojante pianis wat sy gehoor beïndruk met sy vlytige vingers. En swierige klere. Sy swart baadjie, hemp en das komplimenteer die statige gepoleerde Bösendorfer-vleuelklavier.

Sy eie skeppings vertel hulle eie verhale. Die melodieuse “Anna Aeroplane” is gegrond op die ware verhaal van ’n vriendin, ’n aangenome kind. Op die vraag aan haar ouers oor waar sy vandaan kom, het hulle verduidelik dat hulle haar met die “aeroplane” in Johannesburg gaan haal het.

Tydens ’n onlangse besoek aan New York het ’n verhaal van ’n gestremde man op TV De Villiers ontroer. Dié man maak ’n bestaan deur die akkordeon met slegs een

“As kunstenaar kan jy nie net die regte note speel nie.”

hand te bespeel. Met die besef dat hy sonder sy twee hande “niks is nie”, is De Villiers onmiddellik na die hotel-foyer om ’n stuk hieroor te skryf. Die stuk word slegs met die regterhand gespeel, maar is steeds ryk aan tekstuur. Met die linkerhand kap hy ’n stok op die houtvloer en teen die klavier en span dit só in as perkussie-instrument.

Die uitvoering het egter nie slegs uit eie komposisies bestaan nie – daar was ook “Somewhere my love” uit die rolprent *Doctor Zhivago*, “Hoe groot is U” en ’n Jim Muller-keurspel. De Villiers

erken dat geestelike musiek nie deel vorm van sy normale repertorium nie, maar dat hy reeds op skool besluit het om “Hoe groot is U” te speel – enersyds weens die “disaster” van ’n orreliste wat net nie “gehapen” het nie tydens sy kinderdae. Andersyds het die kerk hom in sy jonger dae laat glo dat ’n mens slegs ’n spirituele ervaring binne die vier mure van die kerk kan hê. Op sy plaas in die Vrystaat het die besef tot hom deurgedring jy kan ’n spirituele ervaring op enige plek hê, veral in oop ruimtes. De Villiers het sy improvisasie van “Hoe groot is U” ryklik ingekleur.

Terug na tannie Mona du Plessis: “Op skool was ek beter as enige klavierjuffrou”, aldus De Villiers. Maar daar was tannie Mona. Op ’n Dinsdagoggend wanneer ander leerlinge kadette of liggaamsoefening gehad het, het hy by tannie Mona klavierles gehad. As hy klaar gespeel het, het sy net, sigaret in die mond, gesê: “Nee my seun, jy is f\*kken goed”. – **Johan van Tiddens**

## Strandpartytjie, blues skep gees

**Drostdy-Hof Blues @ De Vette Mossel. Kontemporêre Musiek. 10 tot 14 Maart.**

Van Suid-Afrika se voorste bluesmusikante sorg vanjaar vir vermaak by die “see op Stellenbosch”.

De Vette Mossel-restaurant is die tuiste van die Drostdy-Hof blues-aande waar kunstenaars soos Jack Hammer se Piet Botha, die Stellenbosser Gerald Clark, en die manne van Zinkplaat – Basson Laubscher en Bertie Coetzee – gaan optree.

Volgens Laubscher, wat al vier jaar lank by die Blues-aande speel, is De Vette Mossel se vertonings altyd ’n belewenis. “Daar is altyd ’n lekker atmosfeer. Dis soos die see op Stellenbosch. Dis informeel en het losweg die lekkerste gees,” het hy gesê.

Aanhangers van dié genre sal hul voete in die sand kan wikkeld terwyl die kunstenaars hulle vermaak met van hul eie musiek, sowel as treffers van bekende sangers soos Neil Young en Norah Jones. Alles van country tot klassieke blues kan verwag word.

Niël du Bois, eienaar van De Vette Mossel, sê daar is vermaak uit die boonste rakke. “’n Bobaas gees neem altyd oor. Dit word ’n strandpartytjie wat omtrent 1 000 mense kan huisves,” sê Du Bois. – **Simon Sonnekus**

Spys en drank

Picnic your heart out

**Piekniekkonserte. Music. Neethlingshof, L’Avenir and Knorhoek. At 18:00 and 20:00 from 7 to 13 March. On 14 and 15 March at 18:00 only.**

Three Stellenbosch wine estates play host to a series of outdoor picnic concerts this year. The 16 shows take place at the Neethlingshof, L’Avenir and Knorhoek wine estates. The concerts feature among others, aKing, Matthew Mole and Mango Groove.

For the Neethlingshof concerts, you can book picnic baskets for two people in advance at Computicket for R350. You can also bring your own picnic basket, blankets and chairs. To reach the venue, follow Adam Tas Road (which becomes Polkadraai Road) out of Stellenbosch. Neethlingshof will be on the right.

At Knorhoek, picnic baskets can also be booked at Computicket at R120 for one and R220 for two people. You may not take your own picnic baskets, but refreshments will be on sale. The venue is situated on Knorhoek Road, off the R44.

At L’Avenir, refreshments will be on sale and you may not bring your own picnic baskets. The wine estate is off the R44 on Klapmuts Road.

The concerts start either at 18:00 or 20:00. Buy tickets at Computicket for between R60 and R120. – **Tatum Morley.**

Tien bestes vir komberse op die gras

Somer in die Boland is sinoniem met piekniek. Saal hiér af.

1. Die JS Marais-park het lower-groen grasperke met rusbankies langs die wandelpad wat tot diep in die park strek.
2. Die US Botaniese tuin se grasperke. Daar is ook ’n koffieplek met ’n rustige atmosfeer.
3. Die groot grasperk voor Heemstede, Metanoia en Nerina.
4. Die tuin voor die Teologiegebou – die gebou self is ’n sieraad.
5. Areas rondom die hangbrug by die Eersterivier.
6. Uniepark (parkeer in Provinsiestraat) se uitsig oor Stellenbosch is pragtig – veral saans.
7. By die dam bo Coetzenburg.
8. Enige plek op Die Laan (langs die Eersterivier).
9. Langs die rugbyveld by Coetzenburg, onder die bome.
10. Naby enige van die berge rondom Stellenbosch. – **Karin Hammond**



Meraki, een van die eetplekke wat deelneem aan die hamburger-oorlog. Foto: NARDUS ENGELBRECHT

Kunswandel verryk en verras

**Blaauwklippen-droommyl. Wandelroete. US Kunsmuseum. 7 Maart om 09:30.**

’N Ietwat verwarrende begin vir die Woordfees se eerste naweekdag het geëindig in ’n genotlike kuns-en-wyn-rondrenteldag vir fynproewers.

Volgens die amptelike feesprogram sou die Blaauwklippen-droommyl Saterdag om 09:30 by die US Kunsmuseum begin het. Vir R50 kon feesgangers ’n strooihoed en wynglas koop, en hulle is aangesê om solank “’n glasie daar agter te geniet”.

Dit is hier waar die verwar-ring ingetree het, want dit wou voorkom of amptenare self nie van die reëlins bewus was nie. Talle kaartjiehouers het maar winskopies in die ATKV-boekwinkel gaan soek terwyl ander die meeste gemaak het van die eerste “waterpunt” waar gawe verteenwoor-

digers van Blaauwklippen glasies vonkelwyn uitgedeel het.

“Ons is ’n bietjie gefrustreerd,” was die gevoel van feesgangers Durr en Janine Smit teen halfelf.

“Ons sit maar hier en kuier terwyl ons wag vir iets om te gebeur. En ons moet straks na ons volgende vertoning. Van die mense wat saam met ons gewag het, het stoom verloor en is intussen weg.”

’n Paar gelukkiges was wel op die regte tyd op die regte plek vir die wandeltoer. Dit het onder leiding van Dirkie Offringa, US Museum-kurator, begin met ’n toer van dié museum en sy huidige uitstalling – ’n versameling skilder- y van gesiglose koppe van die Belgiese kunstenaar Herman van Nazareth (die feeskunstenaar).

Dit vind ons toe veel later uit, nadat ons by Woordfees-amptenare verneem het die wandelaars het reeds op die volgende been van die toer vertrek. Waarheen, kon hulle nie sê nie. Ons volg toe maar

’n duo verdwaalde strooihoede en haal die groep in by die volgende “waterpunt”, dié keer by die Stellenbosch Kunsmuseum, verder af in Ryneveldstraat. Toe kon ons ontspan en ons oorgee in die bekwame hande van toergids Nanette Cloete van Blaauwklippen.

Die toer het vir die grootste deel van die dag deur die dorp gekronkel, en feesgangers is op elke punt – waar hulle sowat ’n uur deurgebring het – getrakteer met wyn uit die Blaauwklippen-versameling. Talle het dit soos ’n hop-on hop-off-toer hanteer en tussendeur eers ander dinge gaan bekyk om later weer by die groep aan te sluit. Benewens die venues in Ryneveldstraat het hulle ook besoek afgelê by die Johan Coetzee-gallery, die juwelier Lilly Friedlaender se studio, die kleurvolle Red Teapot-gallery wat deur Portchie bekendheid verwerf het, D Street Gallery, SMAC, Gus en PJ Olivier. – **Maryke Visagie**

Maak gereed vir kos-oorlog

Eet ’n burger en gesels saam by vanjaar se Woordfees. Veertien Stellenbosse restaurante ding van vandag af mee om die kroon vir die beste gourmet-hamburger. Ulrike Vorndran, die Woordfees se koördineerder vir gasvryheid, sê die hamburger-oorlog dien ’n dubbele doel. “Teen R55 per hamburger is dit ’n bekostigbare maaltyd vir feesgangers, maar dit betrek ook plaaslike restaurante sodat hulle baat kan vind by die finansiële inspuiting wat die fees bied.”

Vanjaar se proe-paneel bestaan uit Nic van Wyk, Kokke-door-beoordeelaar, die braaikenner Jan Braai en Tiaan Langenegger, Kokkedoor se 2013-kinkelkok-wenner.

Die volgende restaurante neem deel: The Charcuterie (Blauwklippen), Mill Coffee House, Meraki, Café Art, The Birdcage Tea Bar, Basic Bistro, Limno’s Bakkery, The Lord Neethling (Neethlingshof), Mugg & Bean, Lekke Neh, Slug & Lettuce, Somerbosch, Mochachos en Craft.

Die wenner van vanjaar se Burger-oorlog word op 20 April by die WoordTROfees aangekondig.

Almal kan deel wees van die pret. Neem ’n onsie (’n groepfoto!) waar jy en jou vriende aan feesburgers smul en e-pos dit na woord@sun.ac.za om in aanmerking te kom vir restaurantgeskenkbewyse en Woordfees-kaartjies. – **Adri Thiar**

Kos en geselskap vir Afrika

Niks vul goeie musiek, literatuur en kuns so goed aan soos lekker kos en interessante geselskap nie. Daarvan het Stellenbosch gelukkig heelwat. Van soggens vroeg tot saans laat is daar iets wat smulpape tevrede sal stel. Stap van die feeskern af net in die rigting van gesellige strate en verdwaalde toeriste om die Stellenbosse kookkuns te geniet.

In Ryneveldstraat sal jy reeds ’n paar koskunstenaars vind, reg onder die neus van die fees. Maak ’n draai by Tastebud in die Skuinshuis vir vars fyngebak en smaaklike middagetes van 12:00 af. Loer net langsaan by Meraki in vir nuwe kookkuns. ’n Middagetebuffet word van 12:00 af bedien.

’n Entjie af in die straat is daar voortreflike koffie, vinnige toebroodjies en gebak by Häzz. Bou jou eie onthby by The Open Kitchen Bakkery en Deli in Pleinstraat, terwyl jy die mense van die sypaadje af dophou. Hulle is veral bekend om hulle geposjeerde eiers.

In Kerkstraat bevind jy jouself in die hart van Stellenbosch. Basic Bistro spesialiseer in heerlike hamburgers en pasta. Die restaurant het ’n knus en verwelkomende atmosfeer en is die ideale bestemming vir aandete. Heelwat verder af in die straat, op die hoek van Kerk- en Birdstraat, wag Schoon de Companje met sy varsgebakte brood en ouwêreldse sjarme. Hulle bied ook middagetes en selfgeroosterde koffie. Die winkel herinner aan ’n Europese markplein.

Besoek De Stomme Jonge op die hoek van Ryneveld- en Dorpstraat vir ’n varsgebakte roosterkoek met ’n kinkel of bestel peuselhappies om onder die eikeboom op ’n klein stoepie te geniet. Oppiedorp, ’n gunsteling onder Stellenbossers, het ’n spyskaart vol verskeidenheid en ’n gesellige atmosfeer in die aand. – **Karin Groenewald**



Restaurante sê mekaar die stryd aan. Foto: NARDUS ENGELBRECHT

# Van Nazareth: ‘Hy is een van ons eie’

**Herman van Nazareth. Visuele kuns. US Museum. Daaglik van 08:00 tot 18:00.**

Vanjaar se amptelike Woordfees-kunstenaar is een van ons eie – al is hy nie in Suid-Afrika gebore nie. “Hy is opgeneem in die belangrikste boeke oor Suid-Afrikaanse kunstenaars en die vraag of hy ’n Suid-Afrikaanse kunstenaar is of nie, moenie meer gevra word nie,” het dr. Viktor

Hesse by die opening van vanjaar se feeskunstenaar, Herman van Nazareth, se uitstalling by die US Museum gesê. Van Nazareth is in 1936 in Evergem, België gebore en het kuns in Gent en Antwerpen gestudeer. In 1965 het hy na Suid-Afrika gekom en by die Michaelis Kunsskool in Kaapstad studeer waar hy op beeldhouwerk gefokus het. As gevolg van sy teenkanting teen enige vorm van onderdrukking, is hy as een van

die eerste proteskunstenaars in Suid-Afrika beskou. “Dit is ’n gepaste huldeblyk dat die Woordfees Herman as feeskunstenaar huldig op die vyftigste jaar waarin hy met tye in Suid-Afrika woon,” het Hesse gesê. Hy het vertel hy het in 1976 die eerste keer Van Nazareth se werk beleef. “Pretoria was gesus in ’n rustigheid, maar Soweto was onstuimig. Pretoria was gewoon aan Anton van Wouw, Pierneef en later Alexis Preller. En hier kom

Van Nazareth met ’n uitstalling wat jou laat vassteek in jou spore en jy vra jouself af: Wat probeer hierdie mens sê?” Van Nazareth het hom deur die jare nie net as skilder en beeldhouer bewys nie, maar ook met sy muurbehangsels en werk in marmor. “En jy kan probeer om hom uit te lok om oor sy werk te praat, maar hy is ’n stil mens. Sy werk doen die praatwerk,” het Hesse gesê. “Kyk jy byvoorbeeld na die reeks skilderye wat hier

uitgestal word, sal sommige sê dit is net koppe, net ’n gat in ’n skildery. Maar jy moet kyk en weer kyk en elke keer sien jy iets anders; iets wat jou weer laat dink.” Van Nazareth word wêreldwyd ook erken en met die Olimpiese Spele in Beijing in 2008 is hy gekies as die amptelike kunstenaar. “Ons moet waardering hê dat hy een van ons is,” het Hesse gesê. “Hy is een van Suid-Afrika se grootste kunstenaars.” – **Ilza Roggebant**



Vanjaar se Woordfees-kunstenaar, Herman van Nazareth, in die US-kunsmuseum. Foto: ILZA ROGGE BAND

## Feeskuns: Ons is nie meer almal so nie

’n Paar dekades gelede was vele Suid-Afrikaners visuele analfabete. Die hoogtepunt van dekor-sjiek was perlemoenskulpe wat as asbakkies gebruik is. Lekker zef. Kuns, in vele huise, was ’n afdruk teen die muur van ’n triestige vrou met ’n traan so groot soos ’n rugbybal wat teen haar wang afrol. Gelukkig het iemand of iets daar doer in die buitenste ruimte ingegryp, want daai donker tye in ons geskiedenis is oor en verby. Ons is deel van die wêreld, ons horisonne verbreed, en die diepte van ons visuele ingesteldheid en die kaliber van ons kunstenaars se werke is van internasionale gehalte. Vanjaar by die Woordfees is veral die aanbod van vernuftigheid en gehalte amper oorweldigend. Groot, gerekende name neem deel en ’n mens is amper bang om die woord te gebruik, maar baie van die werke is ook toeganklik, sonder dat die simboliek en emosionele timbre daarvan verlore gaan. Die aanbod is omvangryk, en lesers word aangeraai om liefies die

program te raadpleeg vir tye en plekke, die pad te vat en per voet al die uitstallings te gaan verken. Daar is so baie om te sien, ouma sou in die ou dae vir jou ’n paar frikkadelle en eiers in tinfoelie moes toedraai vir die langpad. Om maar ’n paar van die meesters te noem: Vanjaar is die erg onderskatte feeskunstenaar Herman van Nazareth (terloops, ’n vriend en vertroueling van Ingrid Jonker en Jan Rabie) die amptelike feeskunstenaar. Twee van sy dramatiese, sensuele en enorme beeldhouwerke staan buite die Kunstekaap. Volgens die program is sy werk nie polities nie, maar gemoeid met universele kwessies. Alex Hamilton is ook ’n kalant om dop te hou. Met verskeie kunstenaars bied hy as kurator *Die Alfabet* aan. “Dit is ’n woordmasjien wat historiese en nostalgiese woorde en sêgoed produseer en uitspoeg vir die publiek om te geniet en gebruik as opvoedkundige vermaak,” sê hy. Sy *Opskiet* by die Museum trek

ook aandag. Dis ’n “verskyn-en-verdwyn”-uitstalling elke oggend vanaf 06:00. “In gesprekke met Saartjie (Botha) het sy genoem van ’n interessante *happening* wat elke oggend by die US Museum gebeur, – tot 200 mense tussen 06:00 en 08:00 gaan “kyk” hoe RSG uitsaai. “So het die idee ontstaan om ’n kunsstalling op die stoep te hou, iets spontaans, en in ’n oomblik van swaakheid (ha-ha) het ek aangebied om elke oggend iets nuuts te doen,” sê hy. “Ek het ses individuele uitstallings bymekaar gesit met ’n groot fokus op verskeidenheid, bekostigbaar en die onverwagse.”

“Ons is almal deel van die wêreld en ons horisonne verbreed.

Cobus van Bosch is ’n oud-kunsjoernalis wie se puik werke van voorstedelike geboue en ruimtes ’n mens aan die hart gryp. Hy laat jou met ’n derde oog na konstruksies rondom jou kyk. Dié keer bied hy iets totaal anders aan. “Die uitstalling heet *Die Probleem van Geheue* en bestaan uit 25 olieverfskilderye, spesiaal en nuut vir vanjaar se Woordfees gemaak. Ou foto’s uit die Boereoorlog is as vertrekpunt gebruik vir ’n reeks (hoofsaaklik) portrette wat die menslike kondisie in tye van konflik uitbeeld, eerder as wat dit ’n sekere geïdealiseerde geskiedenis probeer oortel. “Tog kan ek die werklikheid van die gebeure nie ignoreer nie, maar omdat ek nie self daar was nie, is ek baie bewus daarvan dat enige uitbeeldings my eie vertolking en emosies is wat dalk nie histories juis is nie en bloot reaksies is op wat die foto aan my kommunikeer, of hoe dit iets van my eie gemoedstoestand weerspieël,” sê Van Bosch.

“In daardie opsig is elke portret ook ’n selfportret. Ek het ook nie-verwante beelde in een werk bymekaar begin sit om eie, dikwels absurde, narratiewe te konstrueer – soos Boere wat vingertrek in Rhodes se sitkamer in Groote Schuur. Mens kan daarvan maak wat jy wil, selfs metafore inlees.” Daar is nog baie name om op jou lys te voeg: By Die Rupert Kunsmuseum is daar werke van die beste Suid-Afrikaanse kunstenaars, soos Irma Stern, Jean Welz en Anton van Wouw. Die bekende Pierneef-panele van die Johannesburgse treinstasie kan ook besigtig word. Gaan kyk gerus ook na *Filmverse*, wat bestaan uit digkuns en animasie (meer hieroor in ’n latere uitgawe), asook Olaf Bisschoff se *Wanvoorstelling* oor Afrikaanse en Suid-Afrikaanse plekname. Argaiëse plek- en plaasname en naamborde is die inspirasie vir dié skilderye. – **Herman Lategan**



# KOEKEDOOR

ELKE DONDERDAGAAND,  
20:30



## KOEK OF TERT?



kykNET